# BERGWAGTERPAAR VIND TUISTE IN AFTREE-OORD

Engelse naam: *Mountain Wheatear ; Mountain Chat* - Wetenskaplike naam: *Oenanthe monticola*

In die middel van die somer het 'n Bergwagterpaartjie skielik hul opwagting in ons Aftree-Oord gemaak en ons het gewonder hoe lank hulle sal kuier. Ons het hulle belangstellend dopgehou, waar hulle hier en daar rondvlieg of op ons gras na kos soek. Tot ons verbasing het hulle besluit om hulle by ons tuis te maak en onder 'n braai-afdak hulle nes te bou.



Alhoewel hulle eintlik op rotsagtige berghange of ook klipperige plase in droër gebiede voorkom, het hulle besluit om by Retire @Midstream te broei. Gou het hulle grassies en soortgelyke nesboumateriaal bymekaar gemaak en het die wyfie die groterige, slordige kelknessie begin bou.



Onderwyl die wyfie haar nes ingerig het, kon ons die mannetjie sy lied van 'n verskeidenheid harde, trillende en deurmekaar note, hoor sing.



Ons Bergwagtermannetjie is swart met 'n wit skouervlek en het 'n wit kruis en wit buitestertvere en sy kroon is swart. Sy wyfie lyk roetbruin en het soos alle Bergwagters ook 'n wit kruis met wit buitestertvere maar geen skouervlek nie.



Bergwagter- mannetjies kom meestal in twee kleurvorms voor, naamlik swart of grys, maar toon heelwat individuele verkille. Swart voëls kom meer algemeen voor (54%) as grys voëls (46%), maar alle voëls het wit buitestertvere en 'n wit kruis.

Die grys kleurvorm vind 'n mens meestal in die Kaap, terwyl die mannetjies in Namibië merendeels swart is. Swart mannetjies het 'n wit, liggrys, donkergrys of swart kroon en die skouervlek varieer in grootte en soms vind 'n mens ook 'n voël met 'n spierwit pens.



Wyfies is roet-of donkerbruin en het soms ook 'n wit skouervlek. Jong voëls lyk soos wyfies.

Hulle is aktiewe voëls, wat dikwels heen en weer vlieg of op die grond kos soek. Hulle vreet hoofsaaklik insekte, maar ook vrugte en sade.

Hulle word partykeer deur die Diederikkoekoek geparasiteer.

Ons het vir 4 weke met vakansie gegaan en met ons tuiskoms gewonder hoeveel nuwe Bergwagtertjies ons sal aantref. Met blydskap merk ons toe 'n jong Bergwagtertjie op en gou het die ouers ook hul opwagting gemaak. Ons het dus nou drie Bergwagtertjies in ons Aftree-Oord en ons hoop dat hulle en hulle kroos ons nog lank met hulle teenwoordigheid sal verbly.


*Geborg deur:*
*Sponsored by:*

AULA

*Verhurings/Rentals*
*Midrand Estates*
*012 940 9353*
*www.aulaprop.co.za*